

GEBED

“Ons Meester, leer ons bid, soos *Yoganan* ook sy studentevolgelinge geleer het.” Hierdie is die woorde wat die studentevolgelinge (dissipels) van *Y’shua* gevra het, volgens die boodskap van *Luka*, hoofstuk 11 vers 1.

Gebed is ons enigste kommunikasie met die Skepper Lewende God. Terwyl Hy met ons kommunikeer deur Skrif, drome, visioene en ander mense, kan ons net met Hom praat deur gebed. Alhoewel die Skrif baie gebede bevat van mense soos *Ya’bets* (1 Kronieke 4:10), *Yonah* (2:2-9), *Dawid* (Psalm 3, Psalm 51 en ander), *Hannah* (1 *Sh’mu’el* 2:1-10), *Miryam* (*Luka* 1:46-49) en ander, is almal persoonlike gebede en nie noodwendig op toepassing van ander individue nie. Daar is geen voorgeskrewe gebed in Skrif nie, behalwe dít wat *Y’shua* vir Sy studentevolgelinge op hul versoek geleer het. Daar is ook niemand beter om ons te leer nie, behalwe ons Messias, Die Gesalfde Een.

Baie mense is verbaas om te hoor dat *Y’shua* ‘n Jood was. Ongelukkig is dit nie die feit wat in baie kerke geleer word nie, soos ook dat Christene skielik die Jode “vervang”! Dit is juis vir hierdie rede dat ons nie die Christelike gebedsvorm, die spreekwoordelike inkopielys van “ek wil hê” en “gee my” sal bid nie, maar die Hebreeuse vorm van lofprijsing, eer en aanbidding sal gebruik wanneer ons in gebed tot יהוה nader.

Deur die jare het die Jode, as die uitverkore nasie van יהוה, geleer hoe om Hom aan te spreek, hoe om tot Hom in gebed te nader en hoe om vergifnis te kry vir enige verkeerde optredes, selfs gedagtes. Hulle het ook “vormgebede” of “groepsgebede” saamgestel waarmee hulle die Skepper Lewende God, יהוה, vereer, aanbid en geloof het. Terselfdertyd het hul versugtinge ook na vore gekom, sonder enige vorm van arrogansie of geestelike hoogmoed.

Twee van die belangrikste en mees bekende gebede is die *Sh’ma* en *Amidah*. Alhoewel beide hierdie gebede as groepsgebede beskou word, kan dit net so maklik as persoonlike gebede gebruik word. Beide gebede word afsonderlik aangebied as oggendgebed en aandgebed. Hierdie is slegs voorstelle en moet nie geensins beskou word as enige vorm van leerstelling nie. Albei is ook in Engels beskikbaar.

Die *Sh’ma* word so genoem na aanleiding van die eerste woord in Deuteronomium 6:4. Hierdie woord beteken nie net om te luister nie, maar ook om te gehoorsaam en te doen. Nêrens in die Skrif gee יהוה opdrag dat ons enige dele van Skrif moet gebruik vir gebede nie. Ons moet egter in ons smeking en pleidooie vir God herinner aan Sy beloftes, nie omdat Hy vergeet nie, maar om Hom te daardeur te erken en verhoog. Dit is gepas om God se eie Woord aan Hom te bring in gebed, sodat ons Hom daardeur vereer en in Sy Wil kan bly.

Weereens, nie 'n opdrag nie, maar 'n goeie gebruik, is om die *Sh'ma* tweekeer per dag te bid – eenmaal vroeg in die oggend, verkieslik voor ontbyt of enige ander aktiwiteit en dan weer direk voor slaaptyd. Hierdie dokument dien dus om gelowiges aan te moedig om tyd af te knyp, hulself beskikbaar te stel, om met יהוה te kommunikeer, meer van Sy Karakter en Outoriteit te leer en sodoende 'n dieper verhouding met Hom te hê.

Hier volg die volledige *Sh'ma* as 'n gebed en ook as geloofsbelydenis:

Deuteronomium 6:4-9

Sh'ma Yis'ra'el, יהוה Eloheinu, יהוה echad.

(sjê-ma jies-ra-el, ya-hoe-hah elô-hy-noe, ya-hoe-hah ê-gad)

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.

Barukh shem k'vod malkhuto l'olam va'ed.

(ba-roeg sjêm kê-wod, mal-goe-tô lê-ôlam wa-êd)

Geseënd is die naam van Sy wonderlike Koninkryk vir altyd.

Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns. Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees. Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf,

Direk hierna volg die *Amidah*, wat as volg verduidelik word:

Die gebed wat daagliks drie keer deur Ortodokse Jode wêreldwyd gebid word, het meer as een naam: die bekendste hiervan is "*Amidah*" wat die Hebreeuse woord is vir "staande", omdat die gebed gebid word terwyl die persoon regop staan met beide voete teenmekaar. Die *Amidah* is ook bekend as "*Sh'monei Esrei*", die Hebreeuse term vir 18, omdat dit oorspronklik uit agtien seënbede bestaan het. Laastens staan hierdie gebed ook bekend as "*haTefilah*", die Hebreeuse woord vir "die gebed", omdat dit dié gebed is wat Jode onderskei van ander gelowiges.

Daar word beweer dat die gebed ([Die] Ons Vader), wat deur *Y'shua* aan Sy studentevolginge – *talmidim* – geleer is, 'n verkorte weergawe van die *Amidah* kan wees. Vir hierdie rede is dit belangrik dat Messiaanse volgelingen (*netzarim*) van *Y'shua* bekend sal wees met hierdie gebed, wat ook die middelpunt is van Joodse geloofslewe. Die gebed is baie oud, met sommige veranderinge wat gemaak is tot so lank gelede as 200 jaar voor die geboorte van *Y'shua*. Die gebed is ook pragtig aanmekaargesit, met verskeie aanhalings en sinspelings uit die *TaNakh* (eerste verbond of Ou Testament). Elke Jood is verplig om die Agtien Seënbede drie keer per dag te bid. In tye van nood¹, word hul egter toegelaat om 'n verkorte weergawe

¹ Sien David Bivin, "Prayers for Emergencies," *_Jerusalem Perspective_* 37 (Mar./Apr. 1992), pp. 16-17 vir verkorte weergawes van die *Amidah*. Hierdie artikel is uit 'n gratis maandelikse "Pipeline" e-posartikel en

van die Agtien te bid, soos die Ons Vader (“*tefilat ha’adon*”).

Na die inmenging van die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) en die gevolglike wegbreek van Christendom vanuit Judaïsme, is ‘n 19^{de} seëngebed bygevoeg onder leiding van Rabbi Gamli’el. Hierdie “seëngebed” trek ten velde teen die bedreigings wat Karaïete, Samaritane, Sadduseërs en ander sektes vir Judaïsme ingehou het. Dit kan egter nie Skriftuurlik gegrond word nie en word dus nie by Messiaanse gebede ingesluit nie. Slegs יהוה het die reg om te besluit wie Hy wil verbreek of verneder, nie die mens nie. Hy behoort ook nie daaraan herinner te word nie. Ten spyte van 19 seënbede, het die naam *Sh’monei Esrei* egter behoue gebly.

Rabbi Eliëser, ‘n jonger tydgenoot van Y’shua, het hierdie verkorting van die Agtien geleer: "Mag U wil geskied in die hemel, verleen gemoedsrus aan diégene op aarde wat U vrees, en doen dit wat vir U die beste is. *Baruch atah, יהוה* (geseënd is U, יהוה), U, Wie gebede verhoor." Let op die gedeeltes "U wil geskied" en "soos in die hemel... op aarde", net soos in die Ons Vader. Let ook op die ooreenkoms tussen "verleen gemoedsrus" in die gebed wat Eliëser geleer het en "verlos ons van die bose" in die gebed wat Y’shua geleer het.

‘n Ander aspek wat duidelik gemaak moet word, is die tye en vertolking van die *Amidah*. Alhoewel die seënbede Skriftuurlike grondslag bevat, is dit nie ‘n opdrag van יהוה nie. Derhalwe kan daar nie noodwendig voorgeskryf word hoe of wanneer dit gebid word nie. As gevolg van die hedendaagse lewenspatroon is dit dalk onmoontlik vir elke gelowige om die volledige gebed daagliks (drie keer) te bid. Ons behoort dus nie skuldig te voel oor ‘n eenmalige verkorte weergawe in die week nie en dan die volledige weergawe tydens die weeklikse Shabbat byeenkoms. Dieselfde geld vir die hoeveelheid persone teenwoordig tydens byeenkomste. Alhoewel die Rabbi’s dit uitstip dat tien of meer mans (dit word ‘n *minyan* genoem) teenwoordig moet wees by Ortodokse byeenkomste, is Messiaanse byeenkomste nie onderworpe aan Rabbiniese regulasies nie, maar wél aan die regulasies wat יהוה daargestel het. Y’shua leer ons waar twee of meer in Sy Naam vergader, is Hy teenwoordig.

Met die *Amidah* in gedagte keer ons nou terug na Y’shua en die gebed van die studentevolginge. Hierdie gebed, soos opgeteken in *Mattityahu* 6:9-13, kan opgedeel word in drie dele: aanhef, versoeke en slot. Die aanhef is soos die naam (en plek) van ‘n geadresseerde aan wie ons e-pos wil stuur. Die versoeke begin met aanbidding, gevolg deur belydenis, danksegging en laastens bring ons versoeke vir onself en ander voor יהוה. Tydens die slot van die gebed bring ons erkenning aan יהוה deur aanbidding en danksegging en sluit dan af met die Hebreeuse woord “amen” – wat beteken *laat dit so wees of dit is waar*. In sy kommentaar op Y’shua se gebed skryf Matthew Henry:

“The Lord's prayer (as indeed every prayer) is a letter sent from earth to heaven... The best pleading with God is praising of him; it is the way to obtain

beskikbaar van [Jerusalem Perspective](#). Indien jy dit geniet het, beveel ons aan dat jy inskryf op die e-poslys en aansluit as ‘n “Premium Content Member” van die Jerusalem Perspective webblad om al die voordele te kan geniet.

further mercy, as it qualifies us to receive it... We must begin our prayers with praising God, and it is very fit he should be first served, and that we should give glory to God, before we expect to receive mercy and grace from him. Let him have praise of his perfections, and then let us have the benefit of them."

Die lofsang (doksologie) aan die einde is net in sekere manuskripte te vinde en word daarom ook nie in elke vertaling gebruik nie. Dit is egter 'n paslike manier om weereens lof aan ons Skepper te bring en word derhalwe dan ook by hierdie aandgebed ingebring.

Die voorgestelde oggendgebed bevat al die teksverse waaruit die *Amidah* saamgestel is en meer, maar op 'n manier wat maklik op die tong val en waardeur **יהוה** op 'n meer persoonlike manier benader kan word. Die teksverse hierin vervat sluit in:

Psalm 51:15 en Psalm 5:3; Psalm 34:13; Eksodus 15:11; 1 Kefa 1:15; Psalm 119:59; Psalm 51:10, 13; Psalm 119:153; Yirmeyahu 17:14; Mattityahu 5:45; Psalm 6:9 en Psalm 138:3; Psalm 107:1 en Yonah 2:9a; Yoganan 14:26; Psalm 19:14

Teksverse vir die voorgestelde aandgebed is Mattityahu 6:9-13 en Luka 23:46b.

Die aanbieding van die gebede dien om die bladsye te druk, middeldeer te sny, die oggend- en aandgebed rug aan rug vas te plak en dan te laat lamineer. Daar is spesifiek twee per bladsy sodat 'n volgende persoon daarmee geseën kan word! Die gedagte is ook dat, selfs as persoonlike gebed in die binnekamer, hierdie gebede hardop gebid sal word. Wanneer ons met ander mense praat doen ons dit hardop – ons behoort dieselfde te doen in gebed.

Ons bede is dat elke persoon hierdie gebede sal aanwend tot eer van **יהוה**, dat Hy in alles verheerlik sal word en dat die verhouding tussen jou en Hom net sterker sal word.

Meer inligting rondom die gebede is beskikbaar op aanvraag. Een van die beste bronne is "A Prayer to our Father" deur Nehemia Gordon en Keith Johnson:

<http://www.aprayertoourfather.com/>

https://www.amazon.com/Prayer-Our-Father-Nehemia-Gordon-ebook/dp/B0040GJBHI/ref=sr_1_1?ie=UTF8&qid=1511559623&sr=8-1&keywords=a+prayer+to+our+father

'n Ander goeie bron is "Jewish Background to the Lord's Prayer" deur Dr Brad Young:

<https://www.amazon.com/Jewish-Background-Lords-Prayer-Young/dp/0918873029/>

asook 'n artikel deur Rachel Levine gegrond op hierdie boek:

<http://www.biblescholars.org/2013/05/the-lords-prayer-and-the-amidah.html>

Seënwense vir 'n gesonde gebedsbenadering!

Hein Zentgraf

0837745609

zentie.hr@gmail.com